

16 April

Skrifgedeelte: Genesis 4:1-16

Fokusgedeelte: Genesis 4:10

HK, Vraag 106

Bloed wat roep

Die bloed van vermoorde mense roep na God. Die bloed van die plaasmoorde roep. Die bloed van die misbruikte vrou met die koeëlwond in die kop roep. Vermoordes se vergote bloed roep na die bron van die lewe om vergelding. So sê die Here immers Self aan Kain (Gen 4:10): “Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af.”

Hoeveel stemme van vergote bloed roep nie vandag in ons tyd van geweld en moord na God nie? Roep veral na Jesus Christus omdat moord ten diepste Jesus Christus, die bron van alle lewe, aantas.

Moenie dink dat die stem van die bloed van ons broer net roep as ons letterlik moord gepleeg het nie. In 1 Johannes 3:15 leer ons: “Elkeen wat sy broer haat is ’n moordenaar ...” Jesus sê verder dat ons moord pleeg as ons maar net vir ons naaste kwaad is (Matt 5:22). Ons belydenis voeg by dat afguns, haat, woede en wraaklus heimlike moord is (Antwoord 106). Moorde wat hier op aarde in die geheim plaasvind, roep steeds kliphard tot God. As jy vir jou broer net kwaad is en nie kan of wil vergewe nie, dan roep die bloed van jou broer. Stemme roep aanhoudend dag en nag tot God en Jesus Christus.

Ag, as ons maar na Christus toe wil vlug wat met sy lewe vir ons moord en doodslag kom instaan het! As ons maar met die vergifnis van Christus mekaar wil vergewe! Dan sal ons hoor hoe roep Christus se bloed vanuit die hemel na die aarde, ook hoe sy bloed om vergifnis roep vir my en jou moordsondes. Ag, as ons maar wil leer dat ons bloedbevleekte hande juis by die bloed van Christus afgewas kan word. Dan sal ons bly lewe! En dankbaar laat lewe!

Sing: Psalm 18:2, 3 (1936-beryming) Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)

~~~~~